

AFRIKAANS EERSTE TAAL SG VRAESTEL 1

- Dit was opvallend dat die **opdragte** by die begripstoets (**Vraag 1**) oor die algemeen geïgnoreer is.
 1. Die oorgrote meerderheid van die kandidate het 1.1 tot 1.3 nie in volsinne beantwoord nie.
 2. By 1.6 het van die kandidate JA/NEE geantwoord in plaas van WAAR/ONWAAR en punte verbeur.
 3. By 1.8 is bykans deurgaans meer as een woord as antwoord gegee.
- Wat by **vraag 2** (Advertensie) uitgestaan het, was dat die kandidate nie weet wat “twee agtereenvolgende woorde” beteken nie.
- Dit was verblydend om te sien dat moeite met die opsomming (**vraag 3**) gedoen is. Oor die algemeen is die opdragte stiptelik uitgevoer in dié opsig dat volsinne gebruik is, die sinne onder mekaar aangebied is en die getal woorde onder aan die antwoord geskryf is. Slegs enkele kandidate het hier swak gevaar.
- **Vraag 4 tot 6**
 1. Dit moet op kandidate se hart gedruk word dat hulle nie twee antwoorde by ‘n onderafdeling van ‘n vraag moet skryf nie, tensy spesifiek daarvoor gevra word. Wanneer hulle die keuse aan die nasiener oorlaat, word slegs die antwoord wat eerste staan, nagesien en heel dikwels is die tweede antwoord die korrekte een!
 2. By 4.2 het baie kandidate die punt verbeur omdat hulle nie die verkleinwoord van die meervoud (“bene”) gegee het nie. Kandidate moet gewoon gemaak word daaraan om noukeurig te werk.
 3. Die oorskryf in die indirekte rede (4.3) en die lydende vorm (4.5) is deur minder as die helfte van die kandidate korrek gedoen, terwyl die verduideliking van “bene rek” (4.1) en “broeis” (4.7) vir baie humor gesorg het! Kandidate moet baie oefening in eersgenoemde twee aspekte kry.
 4. Slegs ‘n paar kandidate het die vaste uitdrukkings (5.5) reggekry en dit was ook meestal hierdie kandidate wat die idioom (5.7) geken het. Opvoeders moet asseblief spesiale aandag skenk aan die onderrig van vaste/idiomatiese uitdrukkings, idiome en afkortings.
 5. Die woorddele (5.6) en (6.1) het heelwat kandidate laat klei trap. Dit sal baie help as oefeninge ten opsigte van woorddele in die klas gedoen word.

- **Vraag 7**

Dit is kommerwekkend dat die **redigeringsvraag** baie swak beantwoord is. Opvoeders sal beslis in hulle daaglikse onderrig spesiale aandag aan hierdie faset moet gee. Omdat die opdrag van elke onderafdeling baie spesifiek gegee word, is dit moeilik om te verstaan waarom kandidate nie goed vaar nie. Al die aspekte wat in hierdie vraag aangeraak word, is in die interim-syllabus voorgeskryf. Dit moet dus deel vorm van die onderrigprogram. Omdat hierdie vraag goeie uitslae kniehalter, sal dit lonend wees om spesiale aandag daaraan te skenk.

Dit kan natuurlijk nie oorbeklemtoon word dat kandidate baie meer en konstant moet lees nie!